Daar word hierby ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekendgemaak dat die Stadsraad van Kempton Park, by spesiale besluit, 'n tarief van gelde vir die goedkeuring van bouplanne ten opsigte van die voorgestelde dorpe Chloorkop-uitbreidings 51, 52 en 53, soos volg met ingang van 1 Julie 1994 vasgestel het—

Konsultasiefooi indien 'n inwoner slegs versoek dat 'n bouplan nagesien en advies verleen word aangaande die praktiese aspekte rondom die struktuur wat opgerig gaan word: R30,00

H.-J. K. MÜLLER,

Stadsklerk.

Burgersentrum, hoek van C. R. Swartrylaan en Pretoriaweg (Posbus 13), Kempton Park.

7 September 1994.

(Kennisgewing No. 99/1994)

Verw.: DA1/46(L), DA 8/232, DA 8/237 en 238, DA 13/3 Ged. 113.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3403

CITY COUNCIL OF KEMPTON PARK

DETERMINATION OF TARIFFS FOR THE APPROVAL OF BUILDING PLANS IN RESPECT OF CHLOORKOP EXTENSIONS 51, 52 AND 53 TOWNSHIPS

It is hereby notified in terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Kempton Park has by special resolution determined a tariff of charges for the approval of building plans in respect of the Chloorkop Extensions 51, 52 and 53 Townships, as from 1 July 1994, as follows—

Consultation fee if a resident only requests that a building plan be checked and advice be given regarding the practical aspects in respect of the structure to be established: R30,00

H.-J. K. MÜLLER,

Town Clerk.

Civic Centre, corner of C. R. Swart Drive and Pretoria Road (P.O. Box 13), Kempton Park.

7 September 1994.

(Notice No. 99/1994)

Ref.: DA1/46(L), DA 8/232, DA 8/237 en 238, DA 13/3 Ged. 113.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3404

STADSRAAD VAN KEMPTON PARK

WYSIGING VAN TARIEF VAN GELDE TEN OPSIGTE VAN VERSKEIE DIENSTE VIR DIE DORP CHLOORKOP-UITBREIDINGS 51, 52 EN 53

Daar word hierby ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekendgemaak dat die Stadsraad van Kempton Park, by spesiale besluit, 'n tarief van gelde ten opsigte van verskeie dienste vir die dorpe Chloorkop-uitbreidings 51, 52 en 53, soos volg met ingang van 1 Julie 1994 vasgestel het:

Dienste	*Heffing*	*BTW*	*Totaal*
Water	R23,36	R3,27	R26,63
Riool	R18,69	R2,62	R21,31
Reiniging	R 5,10	R0,71	R 5,81
Administratiewe heffing	R14,37	-	R14,37
Totaal	R61,52	R6,60	R68,12

H.-J. K. MÜLLER,

Stadsklerk.

Burgersentrum, hoek van C. R. Swartrylaan en Pretoriaweg, Posbus 13, Kempton Park.

7 September 1994.

(Kennisgewing No. 105/1994)

[Verw: FIN 20/20 (L)]
DA 8/232
DA 8/237
DA 8/238

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3404

CITY COUNCIL OF KEMPTON PARK

AMENDMENT OF TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF VARIOUS SERVICES FOR THE CHLOORKOP EXTENSIONS 51, 52 AND 53 TOWNSHIPS

It is hereby notified in terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Kempton Park has, by special resolution, determined a tariff of charges in respect of various services for the Chloorkop Extensions 51, 52 and 53 Townships as from 1 July 1994, as follows:

Services	*Levy*	*VAT*	*Total*
Water	R23,36	R3,27	R26,63
Sewerage	R18,69	R2,62	R21,31
Cleansing	R 5,10	R0,71	R 5,81
Administrative levy	R14,37	-	R14,37
Total	R61,52	R6,60	R68,12

H.-J. K. MÜLLER,

Town Clerk.

Civic Centre, corner of C. R. Swart Drive and Pretoria Road (P.O. Box 13), Kempton Park.

7 September 1994.

(Notice No. 105/1994)

[Ref: FIN 20/20 (L)]
DA 8/232
DA 8/237
DA 8/238

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 3405

STADSRAAD VAN KEMPTON PARK

VASSTELLING VAN TARIEWE VIR DIE LEWERING VAN VERSKEIE DIENSTE

Ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Kempton Park, by spesiale besluit, die gelde vir die volgende dienste met ingang van 1 Julie 1994 vasgestel het:

A. **VASSTELLING VAN 'N TARIEF VAN GELDE VIR DIE KONSTRUKSIE VAN MOTORINGANGE EN DIE HERSTEL VAN PLAVEISEL EN TEERVLAKKE (Hierdie tariewe is vrygestel van BTW)**

(a) ***Konstruksie van motoringange***

			Tarief
(1)	(i)	Ingange (4 meter breed)	R617,00
	(ii)	Per addisionele meter	R114,95

(2) Indien 'n elenaar verkies om 'n motoringang self te bou, word die volgende tariewe gehef:

(i) 'n Deposito ten bedrae van **R410,00,** wat terugbetaalbaar is indien die motoringang tot die bevrediging van die Stadsingenieur voltooi is, en bykomend daartoe;

(ii) Inspeksiegelde ten bedrae van **R121,00**

(b) ***Herstel van plaveisel***

Waar plaveisel herstel moet word:

(i) Indien plaveiselblokke herbruikbaar en op terrein is, kwotasie basis.

(ii) Indien plaveiselblokke nie herbruikbaar is nie en vervang moet word met nuwe blokke, kwotasie basis.

(c) ***Herstel van teervlak***

Waar die teervlak herstel moet word, kwotasie basis.

B. **VASSTELLING VAN 'N TARIEF VAN GELDE VIR DIE VERSKAFFING VAN BOUPLANAFDRUKKE (Hierdie tariewe is vrygestel van BTW)**

		Tarief
(a)	***Papier-afdrukke***	
	A0-grootte	R9,00
	A1-grootte	R4,45
	A2-grootte	R4,20
	A3-grootte	R2,20
	A4-grootte	R1,10
(b)	***Film-afdrukke***	
	A0-grootte	R31,98
	A1-grootte	R20,00
	A2-grootte	R15,00
	A3-grootte	R7,50
	A4-grootte	R4,00
(c)	***Papier-dorpskaart***	
	1 : 15 000	R12,00
	1 : 20 000	R9,00
(d)	***Filmdorpskaart***	
	1 : 15 000	R40,00
	1 : 20 000	R32,00
(e)	***Papier-kaartboeke van dorp***	
	1 : 5 000	R140,00
(f)	***Fotokopieë***	
	Dorp- en straatnaamlys	R15,00
	Woonstellys	R15,00

C. **VASSTELLING VAN 'N TARIEF VAN GELDE VIR DIVERSE AANGELEENTHEDE**

		Tarief
1.	***Goedkeuring van Bouplanne***	
	(1) Naslaan-gelde	R5,50
	(2) Minimum fooi vir elke aansoek ontvang.	R99,00

LOCAL AUTHORITY NOTICE 3405

CITY COUNCIL OF KEMPTON PARK

DETERMINATION OF TARIFFS FOR THE RENDERING OF VARIOUS SERVICES

In terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the City Council of Kempton Park has, by special resolution, determined the charges for the following services with effect from 1 July 1994:

A. **TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF THE CONSTRUCTION OF VEHICLE ENTRANCES AND THE REPARATION OF PAVING AND TAR LEVELS (These tariffs are free from VAT)**

(a) ***Construction of motor entrances***

			Tariff
(1)	(i)	Entrance (4 metre wide)	R617,00
	(ii)	Per additional metre	R114,95

(2) Where owners prefer to construct the entrances themselfs, the following tariffs will be charged:

(i) A deposit of **R410,00** which is refundable after the entrance has been constructed to the satisfaction of the City Engineer;

(ii) inspection fees will be the amount of **R121,00**

(b) ***Reparation of paving***

Where paving has to be repaired:

(i) If the paving blocks are re-usable and on the terrain quotation basis.

(ii) If the paving blokcs are not re-usable and have to be replaced, quotation basis.

(c) ***Reparation of tar level***

Where the tar level has to be repaired, quotation basis.

B. **DETERMINATION OF A TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF THE SUPPLY OF COPIES OF BUILDING PLANS (These tariffs are free from VAT)**

		Tariff
(a)	***Paper Copies***	
	A0 Size	R9,00
	A1 Size	R4,45
	A2 Size	R4,20
	A3 Size	R2,20
	A4 Size	R1,10
(b)	***Copies on Sephia***	
	A0 Size	R31,98
	A1 Size	R20,00
	A2 Size	R15,00
	A3 Size	R7,50
	A4 Size	R4,00
(c)	***Paper Town Maps***	
	1 : 15 000	R12,00
	1 : 20 000	R9,00
(d)	***Town Sepia-copy***	
	1 : 15 000	R40,00
	1 : 20 000	R32,00
(e)	***Paper Map-Books of Town***	
	1 : 5 000	R140,00
(f)	***Photostat Copies***	
	Town and street name list	R15,00
	Flat list	R15,00

C. **DETERMINATION OF A TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF MISCELLANEOUS MATTERS**

		Tariff
1.	***Approval of building plans***	
	(1) Referece Tariffs	R5,50
	(2) Minimum tariff payable for every building plan	R99,00

Tarief

(3) Vir elke 10 m² of gedeelte daarvan van die area van die gebou by die vlak van elke vloer:—

(a) vir die eerste 1 000 m² R14,30

(b) vir die volgende 1 000 m² R8,80

(c) vir enige gedeelte bo die eerste 2 000 m² R7,70

(4) Geboue met struktuurstaalwerk, gewapende beton, struktuurhoutwerk, vir elke 1 m² waar struktuurwerk voorkom **R2,00.**

(5) Minimumfooi vir aansoeke vir ondergrondse tenks **R110,00.**

(6) Gewysigde bouplanne: 50% van die oorspronklike planfooie, betaalbaar slegs ten opsigte van die veranderde gedeelte van die gebou.

(7) *Binne veranderinge*:

(a) Vir die eerste 1 000 m² R14,30

(b) Vir die volgende 1 000 m² R8,80

(c) Vir enige gedeelte bo die eerste 2 000 m² 7,70

2. ***Goedkeuring van rioolplanne***

(1) Minimum fooi vir enige aansoek ontvang R66,00

(2) Vir elke 10 m² of gedeelte daarvan van die area van die gebou by die vlak van elke vloer:—

(a) vir die eerste 1 000 m² R7,70

(b) vir enige gedeelte bokant die eerste 1 000 m² R3,30

(3) *Brandplantarief*

(a) Minimum tarief vir enige aansoek.. R22,00

(b) Vir elke 10 m² of gedeelte daarvan van die area van die gebou by die vlak van elke vloer:

(i) Vir die eerste 1 000 m² R0,55

(ii) Vir enige gedeelte bokant die eerste 1 000 m² R0,33

(4) *Elektrisiteitsplantarief*

(a) Minimum tarief vir enige aansoek ontvang R22,00

(b) Vir elke 10 m² of gedeelte daarvan van die area van die gebou by die vlak van elke vloer:

(i) Vir die eerste 1 000 m² R0,55

(ii) Vir enige gedeelte bokant die eerste 1 000 m² R0,33

(5) *Gesondheidsplantarief*

(a) Minimum tarief vir enige aansoek ontvang R22,00

(b) Vir elke 10 m² of gedeelte daarvan van die area van die gebou by die vlak van elke vloer:

(i) Vir die eerste 1 000 m² R0,55

(ii) Vir enige gedeelte bokant die eerste 1 00 m² R0,33

(6) *Uitreiking van sertifikate*

(1) *Okkupasiesertifikate*

(a) geboue 120 m² en groter R110,00

(b) geboue kleiner as 120 m² R44,00

(2) Finale Rioolsertifikaat R38,50

(7) Bergingsfooie per maand R110,00

(8) Her-inspeksie R55,00

(9) Bouplan-afdrukke (mikrofilm) R23,00

(10) Verkoop van maandelikse bouplan statistiek R16,50

Tariff

(3) For each 10 m² or part thereof of the area of the building by the level of each floor:—

(a) for the first 1 000 m² R14,30

(b) for the next 1 000 m² R8,80

(c) for any part over and above the first 2 000 m² R7,70

(4) Buildings with structural steel work, reinforced concrete and structural wood work—for each 1 m² where structural work appears **R2,00.**

(5) Minimum charge for application for underground tanks **R110,00.**

(6) Amended building plans: 50% of the original plan fees, payable only for the amended portion of the building.

(7) *Inside alteration:*

(a) For the first 1 000 m² R14,30

(b) For the next 1 000 m² R8,80

(c) for any part over and above the first 2 000 m² 7,70

2. ***Approval of sewerage plans***

(1) Minimum charge for any application received R66,00

(2) For each 10 m² or part thereof of the area of the building by the level of each floor:—

(a) for the first 1 000 m² R7,70

(b) for any part over and above the first 1 000 m² R3,30

(3) *Fire plan tariff*

(a) Minimum tariff for any application received R22,00

(b) for every 10 m² or any part thereof, of the area of the building at the level of every storey:

(i) For the first 1 000 m² R0,55

(ii) For any part above the first 1 000 m² R0,33

(4) *Electricity plan tariff*

(a) Minimum tariff for any application received R22,00

(b) For every 10 m² or any part thereof, of the area of the building at the level of every storey:

(i) For the first 1 000 m² R0,55

(ii) For any part above the first 1 000 m² R0,33

(5) *Healthplan tariff*

(a) Minimum tariff for any application received R22,00

(b) For every 10 m² or any part thereof, of the area of the building at the level of every storey:

(i) For the first 1 000 m² R0,55

(ii) For any part above the first 1 00 m² R0,33

(6) *Issuing of certificates*

(1) *Occupation certificates*

(a) Buildings 120 m² and larger.. R110,00

(b) Buildings smaller than 120 m² R44,00

(2) Final Sewerage Certificate R38,50

(7) Storage fees per month R110,00

(8) Re-inspection R55,00

(9) Microfilm map copies R23,00

(10) The sale of monthly building plans statistics R16,50

Tarief

(11) Waar 'n bouplan ingedien word nadat daar reeds met bouwerk begin is. Sal 'n addisionele tarief van 50% ten opsigte van alle planfooie gehef word.

(12) *Bouinspeksiegeld*

Waar bouwerk gedoen word sonder dat inspeksies aangevra word of waar 'n eienaar voortgaan met bouwerk nadat dit afgekeur is:

Per inspeksie R121,00

D. VASSTELLING VAN 'N TARIEF VAN GELDE VIR ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE (Hierdie tariewe is vrygestel van BTW)

	Tarief
Dorpstigtingsaansoek	R1 190,00
Advertensie vir dorpstigting	R920,00
Hersoneringsaansoek	R1 190,00
Opheffing of wysiging van titelvoorwaardes	R200,00
Opheffing of wysiging van titelvoorwaardes en gelyktydige hersonering	R400,00
Verstrekking van redes vir die besluit van die Raad	R80,00
Onderverdeling van plaasgrond	R1 190,00
Advertensie van onderverdeling van plaasgrond	R1 035,00
Boulynverslappings	R140,00
Tweede woonhuise	R200,00
Terreinontwikkelingsplanne	R170,00
Advertensiekoste	R75,00
Plakkate: Aansoek	R30,00
Deposito (per plakkaat):	
Eerste 40 plakkate	R3,50
Volgende 20 plakkate	R5,75
Vir elke daaropvolgende plakkaat	R11,50
Vergunde gebruike	R170,00
Soneringsertifikate	R12,00

E. VASSTELLING VAN 'N TARIEF VAN GELDE VIR DIE AANBRING VAN RIOOLAANSLUITINGS (Hierdie tariewe is onderhewig aan BTW en die bedrae sluit reeds 14% BTW in)

(a) **Vir die eerste aansluiting**

Grootte	*Tarief*
100 mm	R777,00
150 mm	R800,00

(b) ***Vir alle bykomende rioolaansluitings***

Grootte	*Tarief*
100 mm	R2 425,00
150 mm	R3 150,00

F. VASSTELLING VAN 'N TARIEF VAN GELDE VIR DIE OOPMAAK VAN RIOOLVERSTOPPINGS WAT OP ONDERSKEIE TYE GERAPPORTEER WORD (Hierdie tariewe is onderhewig aan BTW en die bedrae sluit reeds BTW in)

(a) *Maandae tot Vrydae: 06:00 tot 18:00*

R114,40 vir die eerste uur of gedeelte daarvan en **R66,00** per addisionele uur of gedeelte daarvan.

(b) *Maandae tot Vrydae: 18:00 tot 06:00 asook Saterdae*

R151,80 vir die eerste uur of gedeelte daarvan en **R104,50** per addisionele uur of gedeelte daarvan.

(c) *Sondae en Openbare Vakansiedae*

R211,20 vir die eerste uur of gedeelte daarvan en **R132,00** per addisionele uur of gedeelte daarvan.

Tariff

(11) Where a building plan has been submitted after construction has already commenced an additional tariff of 50% in connection of all plan fees will be charged.

(12) *Building inspection tariff*

Where building construction is done without the request for inspection or where construction is continued after it has been disapproved:

Per inspection R121,00

D. DETERMINATION OF A TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE (These tariffs are free of VAT)

	Tariff
Application to establish a township	R1 190,00
Advertisement of the application	R920,00
Application for rezoning	R1 190,00
Amendment or removal of restrictive conditions	R200,00
Amendment of conditions of title and simultaneous rezoning	R400,00
Furnishing of reasons for a resolution of the Council	R80,00
Subdivision of farm land	R1 190,00
Advertisement for the subdivision of farm land	R1 035,00
Relaxation of building line restrictions	R140,00
Second dwellings	R200,00
Lay-out plans	R170,00
Advertisement fees	R75,00
Posters: Application	R30,00
Deposito (per poster):	
First 40 posters	R3,50
Next 20 posters	R5,75
Thereafter for each poster	R11,50
Zoning Certificates	R12,00
Consent uses	R170,00

E. DETERMINATION OF A TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF THE INSTALLATION OF SEWERAGE CONNECTIONS

(a) **For the first connection**

Size	*Tariff*
100 mm	R777,00
150 mm	R800,00

(b) ***For all additional sewerage connections***

Size	*Tariff*
100 mm	R2 425,00
150 mm	R3 150,00

F. DETERMINATION OF A TARIFF OF CHARGES FOR THE OPENING OF SEWERAGE BLOCKAGES REPORTED ON THE RESPECTIVE TIMES (These tariffs are subject to VAT and the amounts already include VAT)

(a) *Mondays to Fridays: 06:00 to 18:00*

R114,40 for the first hour or part thereof and **R66,00** per additional hour or part thereof.

(b) *Mondays to Fridays: 18:00 to 06:00 and Saturdays*

R151,80 for the first hour or part thereof and **R104,50** per additional hour or part thereof.

(c) *Sundays and Public Holidays*

R211,20 for the first hour or part thereof **R132,00** per additional hour or part thereof.

(d) *Vir die soek van rioolmangate op die eienaar se versoek:* **R115,50** vir die eerste uur of gedeelte daarvan en **R84,70** per addisionele uur of gedeelte daarvan.

(e) Indien toegang tot 'n klaer se erf vir die doeleindes van die oopmaak van 'n verstopte private perseelriool nie bekom kan word as gevolg van hindernisse soos geslote hekke, gevaarlike honde, ensovoorts: **R115,50**

G. VASSTELLING VAN 'N TARIEF VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN 'N RIOLERINGSDIENS (Hierdie tariewe is onderhewig aan BTW en die bedrae sluit reeds BTW in)

(A) Beskikbaarheidsgelde

Riolering basies

(1) Die toepaslike gelde, soos hierna uiteengesit, is aan die Raad betaalbaar per maand of gedeelte daarvan ingevolge artikel 5 deur—

(a) die eienaar van grond in 'n dorp, geproklameer ingevolge die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie No. 25 van 1965), soos gewysig, of die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986) wat by die Raad se straatriool aangesluit is, of na die mening van die Raad daarby aangesluit kan word; en

(b) die eienaar van enige grond, behalwe dié in paragraaf (a) genoem, wat by die Raad se straatriool aangesluit is of, na die mening van die Raad, daarby aangesluit kan word.

(2) Persele wat vir Spesiale Woondoeleindes, Godsdiensdoeleindes en Sportdoeleindes gebou of gebruik word:

		Tarief
(a)	Eerste 2 000 m²	R28,14
(b)	Daarna per 1 000 m² of gedeelte daarvan	R1,17
(c)	Maksimum	R39,70

(3) Nywerheidserwe (met die uitsondering van Jan Smutslughawe, Kelvin Kragsentrale, Atlas Vliegtuigfabriek, Erwe 123 en 124, Nywerheidsdorp Isando, Esselenpark en die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste Goedereloodskompleks):

		Tarief
(a)	Eerste 2 000 m² of Gedeelte daarvan	R118,70
(b)	Daarna per 1 000 m² of gedeelte daarvan	R5,87
(c)	Maksimum	R353,86

(4)	Jan Smutslughawe	R12 184,91
(5)	Kelvin Kragstasie	R1 639,70
(6)	Atlas Vliegtuigfabriek	R12 184,91
(7)	Tweede woning of 'n "Spesiale Woon"-erf	R28,05

(8) Besigheidserwe, erwe vir algemene woondoeleindes, departementele erwe en alle ander nie genoem in 1 tot 8:

(a)	Eerste 2 000 m²	R71,57
(b)	Daarna, per 1 000 m² of gedeelte daarvan	R2,71
(c)	Maksimum	R220,27

(9)	Esselenpark	R4 420,50
(10)	Elandsfontein (die Transnet Goedereloodskompleks) (10% bykomende heffing vir buite munisipale gebied, reeds ingesluit)	R9 529,38

(B) Bykomende gelde ten opsigte van huishoudelike rioolwater van toepassing op sekere eiendomme waarop beskikbaarheidsgelde gehef word

Die toepaslike gelde, soos hierna uiteengesit, is aan die Raad betaalbaar ingevolge artikel 5 deur die eienaar van enige stuk grond wat onderworpe is aan die beskikbaarheidsgelde soos bepaal in **(A)** en moet, benewens genoemde beskikbaarheidsgelde, aan die Raad die volgende bykomende gelde, per maand betaal ten opsigte van die gebou op sodanige stuk grond geleë, ongeag daarvan of alle sodanige geboue individueel aangesluit is of aangesluit kan word by die straatriool wat deur die Raad bepaal word, al dan nie:

(a) Privaat woonhuise, woonstelle of wooneenhede, ongeag of dit met 'n besigheid of ander perseel verbind is, al dan nie:

Vir elke private woonhuis, woonstel of wooneenheid: **R10,83** per maand.

(d) *For the finding of sewerage manholes on request of the owner:* **R115,50** for the first hour of labour or part thereof and **R84,70** per additional hour of labour or part thereof.

(e) In the event of impossible circumstances such as locked gates, vicious dogs, etc. to gain entrance to a complainant's erf to clear blocked sewerage systems on a private erf: **R115,50**

G. DETERMINATION OF A TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF THE SUPPLY OF SEWERAGE SERVICES (These tariffs are subject to VAT and the amounts already include VAT)

(A) Availability charges

Basic Sewerage Service

(1) The relevant charges, as set out hereunder, shall be payable to the Council per month or part thereof, in terms of section 5 by—

(a) the owner of land in a township, proclaimed in terms of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance No., 1965 (Ordinance No. 25 of 1965), as amended, and the Town-planning and Townships ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), which is connected to the Council's sewer or which, in the opinion of the Council can be connected thereto; and

(b) the owner of any land, except land mentioned in paragraph (a), which is connected to the Council's sewer or which, in the opinion of the Council, can be connected thereto.

(2) Premises kept or used for special residential religious and sport purposes:

		Tariff
(a)	First 2 000 m²	R28,14
(b)	Thereafter, per 1 000 m² or part thereof	R1,17
(c)	Maximum	R39,70

(3) Industrial erven (excluding Jan Smuts Airport, Kelvin Power Station, Atlas Aircraft Factory, Erven 123 and 124, Isando, Esselen Park and the South African Transport Services Goods Shed Complex):

		Tariff
(a)	For the first 2 000 m² or part thereof	R118,70
(b)	Thereafter per 1 000 m² or part thereof	R5,87
(c)	Maximum	R353,86

(4)	Jan Smuts Airport	R12 184,91
(5)	Kelvin Power Station	R1 639,70
(6)	Atlas Aircraft Factory	R12 184,91
(7)	Second dwelling or a "Special Residential" erf	R28,05

(8) Business erven, erven used for General Residential purposes and all other erven excluding those mentioned under the preceding item 1 to 8 inclusive:

(a)	First 2 000 m²	R71,57
(b)	Thereafter, per 1 000 m² or part thereof	R2,71
(c)	Maximum	R220,27

(9)	Esselen Park	R4 420,50
(10)	Elandsfontein (The Transnet Services Goods Shed Complex) (10% additional charge, outside the municipal area already rge, outside the municipal area already included)	R9 529,38

(B) Additional charges in respect of household sewage applicable to certain premises on which availability charges are levied

The relevant charges, as set out hereunder, shall be payable to the Council in terms of section 5 by the owner of any piece of land which is subject to the availability charges as determined in **(A)** and shall, in addition to such availability charges pay the following additional charges to the Council, per month, in respect of all buildings situated on such piece of land, irrespective of whether al such buildings are connected individually or can be connected to the sewer under the control of the Council, or not:

(a) Private dwelling-houses, flats or dwelling-units, irrespective of whether they are connected to a business or other premises or not:

For every private dwelling, flat or dwelling-unit: **R10,83** per month.

(b) Hotelle gelisensieer ingevolge die Drankwet, 1977 (Wet No. 87 van 1977), of enige wysiging daarvan, insluitende die Holiday Inn Hotel te Jan Smutslughawe:

(1) Vir elke 1 m² vloeroppervlakte of gedeelte daarvan van die totale oppervlakte van die gebou op elke verdieping, insluitende kelderverdiepings wat vir die doel gebruik word: **R0,240.**

(2) Minimum Vordering: **R23,90.**

(c) Kerke of kerksale en pastorieë: Per kompleks of pastorie: **R10,98.**

(d) Opvoedkundige inrigtings, kolleges, goedgekeurde kleuterskole, skole en koshuise daaraan verbonde, ouetehuise wat deur 'n liefdadigheidsorganisasie geadministreer word, verpleegsterstehuise en kampongs:

Vir elke 20 studente, skoliere, inwoners en personeel of gedeelte daarvan waarvoor voorsiening gemaak is: **R6,92.**

('n Gesertifiseerde opgawe moet aan die Raad verstrek word deur die hoof van die betrokke inrigting).

(e) Hospitale, verpleeg- en kraaminrigtings en hersteloorde:

Vir elke bed beskikbaar vir pasiënte: **R1,84.**

('n Gesertifiseerde opgawe moet aan die Raad verstrek word deur die hoof van die inrigting).

(f) Kragsentrales:

Vir elke 1 m² of gedeelte daarvan van die vloeroppervlakte van die geboue, werkswinkels, kontrolekamers, kantoorruimtes insluitende kelderverdiepings maar uitsluitende kelderverdiepings maar uitsluitende kabelkamerruimtes en ruimtes deur ketels opgeneem: **R0,046.**

(g) Opbergingpersele wat slegs vir die doel van opberging gebruik word asook die lugvraggebou te Jan Smutslughawe:

Vir elke 1 m² of gedeelte daarvan van die totale oppervlakte van die gebou op elke verdieping, insluitende kelderverdiepings: **R0,057** per maand.

(h) Jan Smutslughawe (uitgesonderd die Holiday Inn Hotel en die Lugvraggebou):

(1) Vir die eerste 500 punte, per punt: **R6,46** per maand.

(2) Daarna, per punt: **R4,69** per maand.

(3) Vir die toepassing van hierdie paragraaf, beteken 'n "punt"—

(aa) elke spoelkloset;

(bb) elke inlaatpunt vir grootmaat-rioolwater; en

(cc) in die geval van trogurinale, elke 700 mm of gedeelte daarvan, waaruit sodanige trog bestaan.

(4) Die Lughawe-owerhede moet jaarliks op 1 Julie 'n gesertifiseerde opgawe aan die Raad verstrek waarin die aantal punte soos op 1 Julie van die betrokke jaar, gemeld word.

(i) Atlas Vliegtuigfabriek:

(1) Vir elke 1 m² of gedeelte daarvan van die vloeroppervlakte van die geboue, werkswinkels, kontrolekamers, kantoorruimtes met uitsondering van kampongs en koshuise: **R0,057** per maand.

(2) Die Korporasie moet jaarliks op 1 Julie 'n gesertifiseerde opgawe aan die Raad verstrek waarin die totale vloeroppervlakte op 1 Julie van die betrokke jaar gemeld word.

(j) (1) Munisipale gebruik, per 1 m² of gedeelte daarvan: **R0,188** per maand.

(2) Minimum vordering: **R18,85** per maand.

(k) Besigheidspersele, nywerheidspersele, privaat hotelle, koshuise, jeugtehuise, losieshuise, winkels, kantore en alle ander gebruike, uitgesonderd dié genoem onder die voorafgaande paragrawe (a) tot (j):

(1) Vir elke 1 m² of gedeelte daarvan van die totale oppervlakte van die gebou wat vir die doel gebruik word op elke verdieping insluitende kelderverdiepings: **R0,188** per maand.

(2) Minimum vordering: **R18,85** per maand.

(b) Hotels licensed under the Liquor Act, 1977 (Act No. 87 of 1977), or any amendment thereto, including the Holiday Inn Hotel at Jan Smuts Airport:

(1) For every 1 m² or part thereof of the total area of the building on each storey, including basements used for the same purpose: **R0,240.**

(2) Minimum charge: **R23,90.**

(c) Churches or church halls and parsonages: **R10,98.**

(d) Educational institutions, colleges, approved schools, schools and hostels connected thereto, old age homes, nurses' homes and compounds:

For every 20 students, scholars, inhabitants and staff or part thereof for whom accommodation is available: **R6,92.**

(A certified statement shall be presented to the Council by the head of the relevant institution).

(e) Hospitals, nursing and convalescent homes:

For each bed available for patients: **R1,84.**

(A certified statement shall be presented to the Council by the head of the relevant institution).

(f) Power Stations:

For every 1 m² or part thereof of the floor area of the buildings, workshops, control rooms, office accommodation including basements, but excluding cable rooms and space taken up by boilers: **R0,046.**

(g) Storage premises used exclusively for the purpose of storage as well as the air freight building at Jan Smuts Airport:

For every 1 m² or part thereof of the total area of the total area of the building on every storey, including basements: **R0,057** per month.

(h) Jan Smuts Airport (excluding the Holiday Inn Hotel and the Air Freight Building):

(1) For the first 500 points, per point: **R6,46** per month.

(2) Thereafter, per point: **R4,69** per month.

(3) For the purposes of this paragraph, a "point" means—

(aa) each water-closet;

(bb) every inlet for bulk sewage; and

(cc) in the case of trough urinals, every 700 mm or part thereof, of such trough.

(4) The Airport authorities shall present annually on 1 July a certified statement to the Council wherein the number of points as on 1 July of the relevant year is mentioned.

(i) Atlas Aircraft Factory:

(1) For every 1 m² or part thereof of the floor area of the buildings, workshops, control rooms, office accommodation excluding compounds and hostels: **R0,057** per month.

(2) The corporation shall annually on 1 July present a certified statement to the Council wherein the total floor area on 1 July of the relevant year is mentioned.

(j) (1) Municipal uses, per 1 m² or part thereof: **R0,188** per month.

(2) Minimum charge: **R18,85** per month.

(k) Business premises, industrial premises, private hotels, hostels, youth hostels, boarding houses, shops, offices and all other uses, excluding those mentioned under the preceding paragraphs (a) to (j) inclusive:

(1) For every 1 m² or part thereof of the total area of the building used for this purposes on every storey including basements: **R0,188** per month.

(2) Minimum charge: **R18,85** per month.

Die bykomende gelde in paragrawe (a) tot (k) uiteengesit, is, vir sover dit persele betref wat reeds met 'n straatriool verbind is, van die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, betaalbaar, en vir sover dit persele betref wat nie verbind is nie, van die eerste dag van die maand wat volg op die laaste dag waarop die Raad vereis dat die verbinding met sodanige straatriool moet geskied of op die eerste dag van die maand wat volg op die datum wanneer sodanige persele werklik verbind word, watter ook al die vroegste is.

(l) Eiendomme buite die munisipale gebied geleë:

Die toepaslike gelde ingevolge (B) hierbo, plus 'n bedrag van 10% is betaalbaar.

(m) Eiendomme binne die munisipale gebied wat gebruik maak van die rioleringsdiens van 'n aanliggende plaaslike owerheid, betaal die toepaslike gelde van voormelde plaaslike owerheid plus 'n bedrag van 10%.

(C) Gelde ten opsigte van die lewering van 'n suigtenkdiens

Rioolvuil per kiloliter: **R11,61.**

Minimum heffing: **R34,82.**

(D) Fabrieksuitvloeisel

Die toepaslike gelde, soos hierna uiteengesit, is aan die Raad betaalbaar ingevolge artikel 77:

1. (a) Die eienaars van persele waarop enige bedryf of vervaardiging uitgeoefen word of waarvan 'n uitvloeisel weens sodanige bedryf of vervaardiging in die Raad se straatriool ontlas word, moet benewens die beskikbaarheids- en bykomende gelde, aan die Raad 'n bykomende vordering vir die vervoer van bedoelde uitvloeisel deur die Raad se straatriole en behandeling by die Raad se rioolwatersuiweringwerke betaal, gebaseer op die "sterkte" van so 'n uitvloeisel soos vasgestel volgens een of meer monsters deur die ingenieur gedurende die voorafgaande halfjaar geneem; en

(b) die "sterkte" van die monster in mg/ℓ is die permanganaatwaarde van die monster wat bepaal word by 27 °C oor 'n 4 uur periode.

2. Die vordering geskied ingevolge die volgende formules waar PW die permanganaatwaarde in milligram per liter verteenwoordig, soos in item 1 gespesifiseer:

(a) Ten opsigte van enige perseel waar versilwering, verchroming, galvanisering of enige anodisering gedoen word of waar metale met sterk anorganiese sure behandel word, word **R0,85** per kiloliter nywerheidsuitvloeisel gehef, mits die permanganaatwaarde (PW) nie die waarde van 100 mg/ℓoorskry nie. Waar die permanganaatwaarde 100 mg/ℓ oorskry, is die formule in paragraaf (b) van toepassing.

(b) Ten opsigte van enige perseel waar die permanganaatwaarde 100 mg/ℓ oorskry:

$$55 + 22 \frac{(PW-50)}{50} \text{ sent per kiloliter}$$

(c) Waar die permanganaatwaarde (PW) die maksimum perk van 1 400 mg/ℓ oorskry, stel die nyweraar homself bloot aan vervolging en sal die volgende formule vir die berekening van die tarief van toepassing wees:

$$66 + 26{,}4 \frac{(PW-50)}{50} \text{ sent per kiloliter}$$

(d) Die minimum geld wat vir die storting van fabrieksuitvloeisel in die straatriool gehef word, is **óf**—

(i) die bedrag bereken teen **R0,57** per kiloliter; **óf**

(ii) **R114,40** per maand;

watter bedrag ook al die grootste is.

(e) (1) Okkupeerders van persele waarvan fabrieksuitvloeisel in die Raad se straatriool gestort word en waar die uitvloeisel nie deur die Raad gemonster en ontleed word nie: R114,40 per maand.

The additional charges set out in paragraphs (a) to (k) inclusive shall, in respect of premises already connected to a sewer, be payable from the first day of the month following the date of publication of this notice, and in respect of unconnected premises, from the first day of the month following the last day upon which the Council requires that the connection should be made such sewer or on the first day of the month following the date when such premises are actually connected, whichever may be the earlier.

(l) Properties situated outside the municipal area:

The applicable charges in terms of this Schedule, plus a surcharge of 10% shall be payable.

(m) Properties situated inside the municipal area who make use of the sewerage services of an adjacent local authority, pay the applicable charges of the forementioned local authority plus a surcharge of 10%.

(C) Charges in respect of the rendering of a vacuum tank service

Sewage per kilolitre: **R11,61.**

Minimum tariff: **R34,82.**

(D) Industrial effluents

The relevant charges, as set out hereunder, shall be payable to the Council in terms of section 77:

1. (a) The owners of premises on which any trade or manufacture is carried out and from which, as a result of such trade or manufacture, an effluent is discharged into the Council's sewer, shall in addition to the availability and additional charges, pay to the Council for the conveyance of such effluent through the Council's sewers and treatment at the Council's sewage treatment works, a further charge, based on the strenght of such effluent as determined on one or more samples taken by the engineer during the preceding half-year; and

(b) the "strenght" of the sample in mg/ℓ is the permangenate value of the sample determined at 27° C over a 4 hour period.

2. The charge shall be in accordance with the following formulas, where PV represents the permanganate value in miligram per litre, as specified in item 1:

(a) In respect of any premises where silver-plating, chromium-plating, galvanising or any anodising is done or where metals are treated with strong inorganic acids, **R0,85** per kilolitre trade effluent shall be charged: Provided that the permanganate value does not exceed 100 mg/ℓ. Where the permanganate value exceeds 100 mg/ℓ the formula in paragraph (b) is applicable.

(b) In respect of any premises, where the permanganate value does exceed 100 mg/ℓ:

$$55 + 22 \frac{(PW-50)}{50} \text{ sent per kilolitre}$$

(c) Where the permanganate value exceeds the maximum restriction of 1 400 mg/ℓ, the industrialist is subjecting himself to prosecution and the following formula will be used for the calculation of the tariff:

$$66 + 26{,}4 \frac{(PW-50)}{50} \text{ sent per kilolitre}$$

(d) The minimum charge for the discharge of industrial effluent into the sewer shall be either—

(i) the amount calculated at **R0,57** per kilolitre; or

(ii) **R114,40** per month;

whichever amount is the greater.

(e) (1) Occupants of premises of which the industrial effluent is discharged into the Council's sewer which is not sampled by the Council: R114,40 per month.

(2) Addisionele vordering gehef ten opsigte van uitvloeisels wat in enige maand of gedeelte daarvan uitvloei:

(i) Vir elke eenheid of gedeelte daarvan waarvan die pH van die monsters 9,0 oorskry of minder is as 6,0: **14c/kiloliter;**

(ii) Vir elke 10 mg/ℓ of gedeelte daarvan van individuele swaar metale meer as 20 mg/ℓ: **23c/kiloliter;**

(iii) Vir elke 100 mS/m of gedeelte daarvan waar die 500 mS/m perk vir elektriese geleiding oorskry word: **23c/kiloliter.**

H. VASSTELLING VAN 'N TARIEF VAN GELDE VIR DIE AANBRING VAN WATER- EN BRANDKRAANAANSLUITINGS (Hierdie tariewe is onderhewig aan BTW en die bedrae sluit reeds BTW in)

(1) Waar die water- of brandkraanaansluiting binne 30 dae voorsien word:

(a) ***Kombinasiemeters***

Grootte	*Tarief*
50 mm	Kwotasie basis
80 mm	Kwotasie basis
100 mm	Kwotasie basis
150 mm	Kwotasie basis

(b) ***Gewone Meters***

(i) In gevalle waar die waternetwerk minder as 5 meter vanaf die erfgrens geleë is:

Grootte	*Tarief*
15 mm (Landbouhoewes)	R1 149,50
20 mm	R1 408,00
25 mm	R1 562,00

(ii) In gevalle waar die waternetwerk meer as 5 meter vanaf die erfgrens geleë is:

Grootte	*Tarief*
15 mm (Landbouhoewes)	R2 585,00
20 mm	R3 030,50
25 mm	R3 322,00

(2) Waar die gewone water- of brandkraanaansluiting soos gemeld in 1 (b) hierbo, **binne veertien (14) dae** na die goedkeuring van die aansoek voorsien moet word:

Die tarief soos gemeld in (1) (b) hierbo plus 'n addisionele bedrag van 10% op die onderskeie tariewe.

I. VASSTELLING VAN 'N TARIEF VAN GELDE VIR DIE VERVANGING VAN BESTAANDE WATERMETERS MET 'N KOMBINASIEMETER VAN DIESELFDE GROOTTE

Grootte	*Tarief*
50 mm	Kwotasie basis
80 mm	Kwotasie basis
100 mm	Kwotasie basis
150 mm	Kwotasie basis

J. VASSTELLING VAN 'N TARIEF VAN GELDE VIR DIE VERSKUIWING VAN WATERMETERS

(1) Nie verder as 2 meter nie:

Grootte	*Tarief*
20 mm	R324,50
25 mm	R429,00
40 mm	Kwotasie basis
50 mm	Kwotasie basis
80 mm	Kwotasie basis
100 mm	Kwotasie basis
150 mm	Kwotasie basis

(2) Additional tariff levied in respect of effluent discharged in any month or part thereof:

(i) For every unit or part thereof, of which the average pH exceeds 9,0 or is less that 6,00: **14c/kilolitre;**

(ii) For every 10 mg/ℓ or part thereof, of individual heavy metals in excess of 20 mg/ℓ: **23c/kilolitre;**

(iii) For every 100 mS/m or part thereof, if the 500 mS/m limit for electrical conducting is exceeded: **23c/kilolitre.**

H. DETERMINATION OF A TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF THE INSTALLATION OF WATER CONNECTIONS AND FIRE HYDRANT CONNECTIONS (These tariffs are subject to VAT and the amounts already include VAT)

(1) Where the water or fire hydrant connection is supplied within 30 days:

(a) ***Combination meters***

Size	*Tariff*
50 mm	Quotation basis
80 mm	Quotation basis
100 mm	Quotation basis
150 mm	Quotation basis

(b) ***Normal meters***

(i) Where the water network is situated less than 5 metres form the border of the erf:

Size	*Tariff*
15 mm (Small Holdings)	R1 149,50
20 mm	R1 408,00
25 mm	R1 562,00

(ii) In cases where the water network is more than 5 metres from the border of the erf:

Size	*Tariff*
15 mm (Small Holdings)	R2 585,00
20 mm	R3 030,50
25 mm	R3 322,00

(2) Where the normal water or fire hydrant connections mentioned in paragraph (b) above must be supplied **within fourteen (14) days** after approval of the application:

The tariff mentioned in paragraph (1) (a) above, plus an additional amount of 10% of the respective tariffs.

I. DETERMINATION OF A TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF THE REPLACEMENT OF THE EXISTING WATER METERS WITH A COMBINATION METER OF THE SAME SIZE

Size	*Tariff*
50 mm	Quotation basis
80 mm	Quotation basis
100 mm	Quotation basis
150 mm	Quotation basis

J. DETERMINATION OF A TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF THE MOVING OF WATER METERS

(1) Not further than 2 metres:

Size	*Tariff*
20 mm	R324,50
25 mm	R429,00
40 mm	Quotation basis
50 mm	Quotation basis
80 mm	Quotation basis
100 mm	Quotation basis
150 mm	Quotation basis

(2) Verder as 2 meter:

Grootte	Tarief
20 mm	R 847,00
25 mm	R1 149,50
40 mm	Kwotasie basis
50 mm	Kwotasie basis
80 mm	Kwotasie basis
100 mm	Kwotasie basis
150 mm	Kwotasie basis

(3) Waar 'n verbruiker se watervoorsiening afgesluit moet word ten einde 'n afsluitkraan te soek, instandhoudingswerk te doen of 'n afsluitkraan te vervang ingevolge die bepalings van artikel 50 (3) van die Standaard Watervoorsieningsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 21 van 5 Januarie 1977: **R99,00.**

(4) Waar afsluitkrane vir verbruikers opgespoor word ingevolge die bepalings van artikel 50 (3) van die Standaard Watervoorsieningsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 21 van 5 Januarie 1977: **R121,00** vir die eerste uur plus **R99,00** arbeidskoste per addisionele uur of gedeelte daarvan.

K. VASSTELLING VAN 'N TARIEF VAN GELDE VIR DIE TOETS VAN WATERMETERS VIR AKKURAATHEID

Indien 'n meter wat deur die Raad voorsien is by toetsvloeitempo nie meer as 5% te veel of 2% te min aanwys nie:

(a) ***Nie-amptelike toets op perseel:***

Grootte	Tarief
15 mm	R 79,20
20 mm	R 79,20
25 mm	R 79,20

(b) ***Amptelike toets en vervanging van meter:***

Grootte	Tarief
15 mm	R 297,00
20 mm	R 297,00
25 mm	R 396,00
40 mm	R 396,00
50 mm	R1 094,50
80 mm	R1 919,50
100 mm	R2 189,00
150 mm	R3 283,50
200 mm	R3 828,00

L. VASSTELLING VAN 'N TARIEF VAN GELDE VIR DIE AANBRING VAN 'N TWEEDE WATERMETER (Hierdie tariewe is onderhewig aan BTW en die bedrae sluit reeds BTW in)

Aanbring van 'n tweede watermeter in serie met 'n bestaande watermeter op versoek van die eienaar:

Grootte	Tarief
15 mm	R 720,50
20 mm	R 902,00
25 mm	R1 237,50
50 mm	Kwotasie basis
80 mm	Kwotasie basis
100 mm	Kwotasie basis
150 mm	Kwotasie basis
200 mm	Kwotasie basis

M. VASSTELLING VAN 'N TARIEF VAN GELDE VIR WATERVERKOPE

(A) ***Basiese Heffing***

(a) Benewens die toepaslike gelde betaalbaar vir die lewering van water ingevolge items II (1), II (2), II (3), II (4), II (5), II (6), II (7) en II (9), **word 'n basiese heffing per maand gehef per erf, standplaas, perseel of ander terrein,** met of sonder verbeterings wat by die hoofwaterpyp aangesluit is of, na die mening van die Raad, daarby aangesluit kan word, of water verbruik word al dan nie, en is deur die eienaar of okkupant betaalbaar; OF

(2) Further than:

Size	Tariff
20 mm	R 847,00
25 mm	R1 149,50
40 mm	Quotation basis
50 mm	Quotation basis
80 mm	Quotation basis
100 mm	Quotation basis
150 mm	Quotation basis

(3) In the event of a consumer's water-supply being shut off due to the finding of a stop-cock, maintenance work or the replacement of a stop-cock in terms of clause 50 (3) of the Standard Water-Supply By-laws published in Administrator's Notice No. 21 of 5 January 1977: **R99,00.**

(4) In the event of the finding of stop-cocks for consumers in terms of clause 50 (3) of the Standard Water-Supply By-laws published in Administrator's Notice No. 21 of 5 January 1977: **R121,00** for the first hour of labour plus **R99,00** labour-costs for every additional hour or portion of an hour.

K. DETERMINATION OF A TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF THE TESTING OF WATER METERS FOR ACCURACY

In the case of a water-meter supplied by the Council registering not more than 5% or less than 2% in espect of test flow tempo:

(a) ***Non-official test on premises:***

Size	Tariff
15 mm	R 79,20
20 mm	R 79,20
25 mm	R 79,20

(b) ***Official test and replacement of meter:***

Size	Tariff
15 mm	R 297,00
20 mm	R 297,00
25 mm	R 396,00
40 mm	R 396,00
50 mm	R1 094,50
80 mm	R1 919,50
100 mm	R2 189,00
150 mm	R3 283,50
200 mm	R3 828,00

L. DETERMINATION OF A TARIFF OF CHARGES IN RESPECT OF THE INSTALLATION OF A SECOND WATER METER (These tariffs are subject to VAT and the amounts is including VAT)

Installation of a second water meter in serie with an existing water meter on request of the owner:

Size	Tariff
15 mm	R 720,50
20 mm	R 902,00
25 mm	R1 237,50
50 mm	Quotation basis
80 mm	Quotation basis
100 mm	Quotation basis
150 mm	Quotation basis
200 mm	Quotation basis

M. DETERMINATION OF WATER SELLING TARIFFS

(A) ***Basic charge***

(a) In addition to the applicable charges payable for the supply of water in terms of items II (1), II (2), II (3), II (4), II (5), II (6), II (7) and II (9), **a basic charge per month charged per erf stand, lot or other area,** with or without improvements connected to the main or, in the opinion of the Council, can be connected to the main whether water is consumed or not, and shall be payable by the owner or occupier; OR

(b) Waar water gelewer word aan meer as een woonhuis, woongebou en woonstelblok, besigheid, of nywerheid wat deur een gemeenskaplike meter bedien word, is die basiese heffing betaalbaar ten opsigte van elke sodanige verbruiker waarvoor akkommodasie beskikbaar is.

(c) Benewens die heffing gemeld in subitem II (1) is 'n addisionele basiese heffing van **R11,97** per maand betaalbaar ten opsigte van landbouhoewes met of sonder verbeterings wat op 1 Julie 1986 by die Raad se laer standaard waterverspreidingstelsel aan landbouhoewes, aangesluit was of, na mening van die Raad, daarby aangesluit kan word, of water verbruik word al dan nie.

(B) ***Vordering vir die lewering van water per maand***

(1) Aan enige verbruiker, uitgesonderd soos in subitems (2), (3), (4), (5), (6), (7), (8), (9) en (10) bepaal:

(a) Basiese heffing R11,62

(b) Tarief per kiloliter ..... R 1,96

(2) Waar water gelewer word aan **meer as een woonhuis, woongebou en woonstelblok** wat deur een gemeenskaplike meter bedien word, word die gelde teen die volgende tarief gehef word (a) die som is van die aantal woonhuise, woongeboue of woonstelle van afsonderlike huurders waarvoor akkommodasie beskikbaar is en wat deur so 'n gemeenskaplike meter bedien word:

Tarief

(a) Basiese heffing ..... (R11,62xa)

(b) Tarief per kiloliter ..... R 1,96

(3) Aan besighede, skole, kerke, tehuise vir bejaardes en liefdadigheidsorganisasies:

(a) Basiese heffing R11,74

(b) Tarief per kololiter:

(i) vir die eerste 100 kiloliter, per kiloliter ..... R 2,65

(ii) Daarna, per kiloliter ..... R 1,87

(4) Waar water gelewer word aan meer as een besigheid wat deur 'n gemeenskaplike meter bedien word, word die gelde teen die volgende tarief gehef waar (a) die som van die aantal besighede, spreekkamers of kantore van afsonderlike huurders, waarvoor akkommodasie beskikbaar is en deur so 'n gemeenskaplike meter bedien word:

Tarief

(a) Basiese heffing (R11,74xa)

(b) Tarief per kiloliter:

(i) Vir die eerste (100 kiloliter xa), per kiloliter R2,65

(ii) Daarna, per kiloliter R1,87

(5) Aan nywerhede en kommersiële instansies:

Tarief

(a) Basiese heffing R25,16

(b) Tarief per kiloliter:

(i) Vir die eerste 1 000 kiloliter, per kiloliter R2,68

(ii) Daarna, per kiloliter R1,91

(6) Waar water gelewer word aan meer as een nywerheid wat deur 'n gemeenskaplike meter bedien word, word die gelde teen volgende tarief gehef waar (a) die som van die aantal nywerhede van afsonderlike huurders waarvoor akkommodasie beskikbaar is en wat deur so 'n gemeenskaplike meter bedien word:

Tarief

(a) Basiese heffing (R25,16xa)

(b) Tarief per kiloliter:

(i) Vir die eerste (1 000 kiloliter xa) per kiloliter R2,68

(ii) Daarna, per kiloliter R1,91

(b) Where water is supplied to more than one dwelling, apartment-house, block of flats, business or industry by a communal meter the basic tariff shall be levied with regard to each consumer for whom accommodation is available.

(c) In addition to the charge mentioned in subitem II (1) above, an additional basic charge of **R11,97** per month is payable in respect of agricultural holdings with or without improvements which have been connected to the Council's lower standard water reticulation system to agricultural holdings on 1 July 1986, or, in the opinion of the Council, can be connected thereto whether water is consumed or not.

(B) ***Charges for the supply of water per month***

(1) To any other consumer, except as provided in subitems (2), (3), (4), (5), (6), (7), (8), (9) and (10):

(a) Basic tariff R11,62

(b) Tariff per kilolitre ..... R 1,96

(2) Where water is supplied to **more than one dwelling, apartment-house or block of flats** served by a communal meter, the charges shall be levied at the following where (a) is the sum of the number of dwelling, apartment-house or flats of individual tenants served by such a communal meter:

Tariff

(a) Basic tariff ..... (R11,62xa)

(b) Tariff per kilolitre ..... R 1,96

(3) To businesses, schools, churches, hostels and charitable organisations:

(a) Basic tariff R11,74

(b) Tariff per kilolitre:

(i) For the first 100 kilolitre, per kilolitre ..... R 2,65

(ii) Thereafter, per kilolitre ..... R 1,87

(4) Where water is supplied to more than one business erved by a communal meter, the charges shall be levied at the following tariff where (a) is the sum of the number businesses, consulting rooms or offices of individual tenants served by such a communal meter:

Tariff

(a) Basic tariff (R11,74xa)

(b) Tariff per kilolitre:

(i) For the first (100 kilolitre xa), per kilolitre R2,65

(ii) Thereafter, per kilolitre R1,87

(5) To industries and commerical consumers:

Tariff

(a) Basic tariff R25,16

(b) Tariff per kilolitre:

(i) For the first 1 000 kilolitre, per kilolitre R2,68

(ii) Thereafter per kilolitre R1,91

(6) Where water is supplied to more than one industry served by a communal meter, the charges shall be levied at the following tariff where (a) is the sum of the number of the industries of individual tenants served by such a communal meter:

Tariff

(a) Basic tariff (R25,16xa)

(b) Tariff per kilolitre:

(i) For the first (1 000 kilolitre xa) per kilolitre R2,68

(ii) Thereafter, per kilolitre R1,91

(7) Waar water gelewer word aan 'n gebou wat uit eenhede bestaan wat vir besigheid sowel as bewoning gebruik word en wat deur 'n gemeenskaplike meter bedien word, word gelde soos van toepassing op besighede gehef.

(8) Vordering per kiloliter wat in enige maand gelewer vir munisipale doeleindes, word soos volg bereken:

	Tarief
(a) Vir die eerste 100 kiloliter, per kiloliter	R2,65
(b) Daarna, per kiloliter	R1,87

(9) Waar water gelewer word aan verbruikers buite die Munisipaliteit, vind die heffing plaas soos hierbo uiteengesit, plus 'n bykomende heffing van **10%.**

(10) Waar water gelewer word aan die Stadsraad van Boksburg, word die gelde per kiloliter gehef teen 'n tarief gebaseer op die aankoopkoste van die Randwaterraad **plus 'n addisionele 15% plus die statutêre tarief** soos per ooreenkoms vasgestel met die Stadsraad van Boksburg.

(11) **Lees van meters**

